DEEL 117 | WEEK 21 | 23 MEI 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



***Stropers in aksie:*** *Ná die onlangse rekordreënval in April in die Oos-Vrystaat, is baie boere steeds besig om hul sojaboonoes in te bring. Die aanhoudende nat toestande het stroopwerk ernstig vertraag, en produsente werk nou onverpoos om die oes betyds af te handel voor verdere skade op die lande intree. Hierdie toneel wys hoe stropers tot laat in die dag hul deel doen – 'n toonbeeld van boere se vasberadenheid te midde van uitdagende omstandighede.*

## Bystandfonds vir George op been gebring

'n Jongman uit ons gemeenskap het ons hulp nodig. George Roos Jnr (24), seun van George en Hilletje Roos, en kleinseun van die geliefde George en Wendy Roos, staan tans voor die grootste uitdaging van sy lewe. Hy is in die Netcare Hospitaal in Pretoria-Oos, waar hy wag op 'n lewensreddende beenmurgoorplanting – sy enigste kans op herstel ná 'n onlangse diagnose van beenmurgversaking.

George is 'n ambagsman wat by VKB Meule in Frankfort werk – 'n nederige, toegewyde man met 'n stil gees en 'n sterk werksetiek. Sy lewe het binne enkele weke drasties verander, en sy pad vorentoe is onseker. Sy suster is ongelukkig nie 'n geskikte skenker nie, en die familie wag nou hoopvol op terugvoer van die Suid-Afrikaanse Beenmurgregister en internasionale netwerke vir moontlike skenkers.

Die Roos-familie is diep gewortel in gemeenskappe soos Heilbron, Frankfort en Petrus Steyn – altyd eerste om te help. Nou het húlle ons ondersteuning nodig. Tydens 'n registrasieveldtog die afgelope week in Heilbron en Frankfort het meer as 500 mense reeds hulle name opgegee om getoets te word. Dit is 'n bewys van die liefde en samehorigheid van ons streek. Verdere toetse en veldtogte word beplan, maar bring ook koste mee wat die gesin self moet dra – soos die personeel van die instituut se reis- en verblyfuitgawes.

*Berig volg op bladsy 3*









# Uit die Pen: Week

Ek verstaan nie begrotings nie. Dalk maak ek asof ek dit nie verstaan nie, maar groot sigblaaie met baie berekeninge gee my hoofpyn. *Scroll* verby.
Nog erger: bring 'n groot, witbord met witbordpenne en sê ek moet iets beplan. Dis iets anders as wanneer ek dit vir die werk moet doen. Dan het so 'n saak meriete. Maar vir my eie beplanning? Nee, nee, nee. Ek slaan in yskoue sweet uit. My kop maak woer-woer en ek begin dink aan verskonings om myself uit hierdie situasie te kry.
En wanneer jy die gesprek begin met "Ons moet praat", dan hol ek reeds die vlaktes in. Kaalvoet, as dit moet.
Ek kan natuurlik my geld bestuur. Dalk nie so streng as wat ek wil nie, maar in die breë weet ek hoeveel geld daar is, hoeveel ek kan spaar, hoeveel ek kan spandeer. My goeie man noem dit eintlik meer my "teiken" as my begroting.
Ek wens egter ek het die dag toe ek begin werk het, toe ek amper 23 jaar oud was, begin spaar vir aftrede. Ek weet dat dit al 'n afgesaagde storie is, maar luister maar weer.
Ek beny mense wat sê en glo dat hulle op hulle oudag versorg gaan wees, al het hulle niks gespaar nie. Iemand sê dat hulle gelukkig kinders het, daarom hoef hulle nie so erg te spaar nie.
Wie sê die kinders gaan dan vir jou blyplek, kos, water en elektrisiteit voorsien?
Iemand anders sê dat hulle net op die Here vertrou. En ek glo hulle. Ek vertrou ook op die Here. Met die groot verskil: terwyl ek bid, spit ek. Ek doen ook my deel terwyl ek vertrou. Jy is natuurlik welkom om met my te verskil.
Hoe dikwels hoor ons dat die arme SASSA begunstigdes nie genoeg kry nie. Wanneer daar oor die nasionale begroting of rentekoerse gepraat word, hoor ons gereeld: "En wat van die arme SASSA pensioentrekkers?"
Ek weet nie, ek het nie 'n antwoord daarvoor nie. Dit is dalk die rede hoekom ek so spaar. Ek wil nie eendag in daardie spiraal verval nie.
My gryse ou pa het ons al van kleintyd geleer dat jy moet spaar. Geen rekeninge nie, dankie. Ons koop nie iets oor "terme" nie. Dit was destyds 'n algemene woord vir "paaiemente".
Wanneer ek, as jong student, gevra het vir meer sakgeld, het my pa gevra vir 'n begroting. Wat my deur die dak laat klim het, want, soos reeds genoem: ek hou niks van 'n begroting nie. Dan knyp ek maar my geldjie totdat dit sweet in my hand.
Ek het nie dadelik tot 'n mediese fonds bygedra toe ek begin werk het nie, want die maatskappy waar ek gewerk het, het nie mediese fonds en pensioenbydraes gehad nie. Ek moes maar uithaal en wys wanneer ek die dokter besoek het, en myself so gesond as moontlik hou totdat ek geld gehad het om 'n spesialis te kon besoek. Wat gelukkig nie baie gebeur het nie.
In my tiende jaar van skool (ja, reggelees!) het ek 'n mediese- en pensioenfonds gekry. Maar ek het aanhou spaar. Of ten minste probeer. Soms het ek 'n vreemde speletjie met myself gespeel om geld by myself te "leen", wat ek dan die volgende maand dubbel moes terugbetaal. Vreemd, nê? Maar dit was ek.
Baie mense gebruik hulle pensioenuitbetalings om nuwe motors te koop of aan te bou by hulle huise. Moet eerder nie. Moet ook nie onder die versoeking van die tweepot-uitbetaling kom nie. Jy "leen" by jouself om dit nooit weer aan te vul nie.
Ek werk dalk nie streng volgens 'n begroting nie, maar daar was 'n paar ononderhandelbare vereistes:
1. Knyp maar die geldjie af vir 'n mediese fonds. Onthou julle my skrywe aan die einde van 2024?
2. Probeer ten minste om vir jou eie pensioen te spaar. Moenie eers vir SASSA in jou agterkop troetel nie. Hulle geldjie gaan nie genoeg wees nie.
3. Spaar elke maand. Al is dit R100. Voordat jy jou oë uitvee, is jy gewoond daaraan, en kan jy meer uit jou maandelikse begroting (daar is daardie aaklige woord weer!) spaar. En begin so jonk as moontlik.
4. Stadig met die plastiek. As daar nie geld is om iets te koop nie, moenie in die versoeking kom om dit met plastiek te betaal nie. Daardie kaarte neem rente, sonder om te vra, en wurg jou totdat die skuld afbetaal is.
5. Dieselfde geld vir die Chinese webwerwe waar die goedere *cheap-cheap* is, maar waar jy 'n sak vol invoerbelasting betaal. Beteuel jouself.
6. Betaal die rekening en sluit dit toe. Dig toe.
Dit klink asof ek die rykste mens op aarde is. Ek is glad nie. Ek spot altyd dat ek genoeg het sodat ek vandag kan aftree. Mits ek binne die volgende drie maande doodgaan. Ouma Cielie sou nou gesê het dat ek nie met die dood spot nie. Jammer, ouma. Ek maak net 'n punt.
Luister maar na die finansiële beplanners. As jy nie een kan bekostig nie, lees finansiële artikels (soos oor Woensdag se begroting), potgooi finansiële gesprekke. Hoe meer jy daarna luister, hoe meer gaan jy dit verstaan. Daar gaan vir jou 'n wêreld van interessanthede oopgaan. En jy gaan die belangrikheid van boedelbeplannig verstaan.
Laat ek net gou bieg: tien jaar gelede sou ek glad nie oor so iets geskryf het nie, want ek het nie daarin belanggestel nie, en nog minder 'n snars daarvan verstaan. Ek is nie tans 'n *foendie* nie, maar ek probeer.
Ek wens almal wil aan daardie "eendag" dink.
Amper soos my vriendin se oupa wat amper 99 jaar oud was. Hy het nie sy eie geld gebruik nie, by sy kinders gebly en hulle kos geëet.
"Oupa, hoekom koop jy nie dit of dat nie? Waarvoor spaar jy nog?"
"My kind, oupa spaar vir sy oudag."

# Graduation ceremony



**ZINZI DLAMINI GRADUATES WITH BSc IN BIOCHEMISTRY AND CHEMISTRY**
*Zinzi Dlamini proudly graduated with a Bachelor of Science in Biochemistry and Chemistry from North-West University on 2 April 2025. She successfully completed the three-year course, marking a significant academic achievement. Her dedication and hard work have truly paid off.*



**LONWABO JOY MBANGOLA GRADUATES AGAINST ALL ODDS:**
*Lonwabo Joy Mbangola has graduated with a Bachelor of Commerce in Economic Science with International Trade from North-West University after four years of dedicated study. Her graduation on 20 May 2025 is a powerful testament to her resilience and determination. Despite losing her mother during the COVID-19 pandemic, Lonwabo persevered through the pain and challenges. With unwavering support from her father, Pastor Mbangola, she achieved her goal. Her journey is an inspiration to many.*



**NTOMBI NDABA REACHES NEW HEIGHTS IN HER CAREER:**
*Ntombi Ndaba, originally from Edenville, has successfully completed her Higher Certificate in Supply Chain Management through Mancosa. Now working at Transnet in Bethlehem, Ntombi is making great strides in her professional journey. Her achievement reflects her dedication to growth and excellence in the logistics field. Balancing work and studies is no easy task, but Ntombi's determination continues to open new doors. She is a shining example of perseverance and ambition.*

# Bystandfonds vir George op die been gebring

Indien 'n geskikte skenker gevind word, kan die totale koste van die prosedure tot meer as R3 miljoen beloop. George sal ná die oorplanting vir minstens drie maande in isolasieverblyf naby die hospitaal moet bly – teen sowat R15 000 per maand, wat slegs die akkommodasie dek (sonder etes, vervoer of ander basiese lewenskoste). Daar sal ook gereelde opvolgbesoeke en bloedtoetse wees – alles wat bydra tot die lang pad van herstel.

Hoewel George aan 'n mediese fonds behoort, is dit reeds duidelik dat nie alle koste gedek gaan word nie. Daarom is daar nou twee maniere waarop die gemeenskap kan help:

'n BackaBuddy-rekening is geskep waar skenkings direk vir hospitaal- en mediese uitgawes aangewend sal word.

'n Spesiale bankrekening by Van der Merwe en Vennote is ook beskikbaar vir diegene wat direk aan die gesin wil bydra.

**Bankbesonderhede vir donasies:**

- Bank: Standard Bank
- Takkode: 055236
- Elektroniese betalingskode: 051001
- Rekeningnaam: Roos GSP
- Rekeningnommer: 371502845

Elke bydrae, hoe klein ook al, maak 'n verskil. Dit bring hoop. Dit bring genesing. Dit bring George nader aan die kans om weer 'n vol en gesonde lewe te lei.

Kom ons staan saam. Kom ons gee vir George die kans wat hy verdien.















# ‘n Opwindende Beroepe-week by Bronnies Kleuterland









Die kleuters van Bronnies Kleuterland het die afgelope week op ‘n prettige en leersame wyse ‘n verskeidenheid beroepe verken. Elke dag het nuwe opwinding en leergeleenthede gebied, en die kleingoed kon eerstehands sien hoe belangrik elke beroep is. Die week het afgeskop met ‘n besoek aan die plaaslike veearts Simone Kruger van die Alpha Diereklinie k in Heilbron, wat die kleuters alles geleer het oor die versorging van diere. Hulle het met groot belangstelling geluister en selfs kans gekry om vrae te vra, en ‘n lammetjie te voed. Daarna het hulle self hand bygesit deur ‘slaggate’ voor hul skool te ‘vul’, as deel van ‘n prettige aktiwiteit oor padwerke. Dinsdag het die kinders die voorreg gehad om binne in ‘n ambulans te klim en meer te leer oor nooddienste. Dokter Spies en Ané Stemmett het ook die skool besoek en met groot sorg verduidelik wat hul werk behels – en dat ‘n besoek aan die dokter glad nie iets is om voor bang te wees nie. Die Bronnies moes Woensdag die Biblioteek besoek het, maar weens omstandighede kon hulle nie. Die kleingoed het wel Hartklop besoek waar hulle heerlik op die klim en klouters baljaar het. Donderdag het ‘n haarkapper vir hulle gedemonstreer hoe hare mooi gemaak kan word. Die brandweer en polisie het ook hul opwagting gemaak en die kinders gewys hoe hulle kan help om mense te beskerm en noodsituasies te hanteer. Die week is afgesluit met ‘n plaas-tema, waar die kleuters meer geleer het oor landbou en plaaswerk. Hulle het ook aangetrek as hul gunsteling beroep – van dokters, onderwysers, polisiemanne en selfs sjefs. Dié week was nie net pret nie, maar het die kinders waardevolle insigte gegee in die wêreld van werk en diens aan ander. Bronnies Kleuterland het weereens gewys dat leer werklik lekker kan wees.

**NOTICE: APPLICATION FOR RECTIFICATION, UNLAWFUL COMMENCEMENT OF THE UPGRADE OF A WATERBOURNE SANITATION SYSTEM IN PHIRITONA, HEILBRON, FREE STATE**

Notice is hereby given of the unlawful commencement of an activity that has resulted in non-compliance with Section 24 of the National Environmental Management Act, Act 107 of 1998. An ex-post facto authorisation process is required for the activity that has already taken place.

**Project Description:**
The project is aimed at the eradication of 1 173 basic toilet (i.e., the bucket system) structures and will include the construction of 1 022m of 250mm diameter uPVC pipeline and 720m of 200mm diameter pipes. Sewer reticulation uPVC pipeline of approximately 190m of 250mm diameter, 2 030m of 200mm diameter, and 6 470m of 160mm diameter will all be placed within road reserves. A total of approximately 360 manholes will be constructed. The outfall pipeline starts from Phiritona Township and gravitates to the existing pump station located near the Wastewater Treatment Works.

**Activity location:** Phiritona Township (Ward 5 ext. 5, 6, 8 and a Portion of Extension 4), Heilbron, Ngwathe local Municipality.

**Relevant listed activity:** Regulation GN 327 (Listing Notice 1): Activity no. 19 & GN 324 (Listing Notice 3): No. 12bii.

The project applicant: Ngwathe Local Municipality.

**Date of activity:** Commencement took place during March 2025 and included, site camp establishment and pipe trenching.

Water Use License in terms of Section 40 of the National Water Act, 1998 (Act No. 36 of 1998) is also applicable and will be applied for with the Department of Water and Sanitation.

**Invitation to participate**
In order to ensure that you are registered as an Interested and Affected Party, please send your details, motivation for participation and inputs in written format via email or post to Green-Box Consulting **(Environmental Assessment Practitioner), P.O. Box 37738, Langenhovenpark, 9330 or 082 4352108 or danie@green-box.co.za**



*Jacobus du Plooy*



*Elné du Plooy*

# Die dapper du Plooy-duo: Elné en Jacobus dring deur na ATKV-redenaars se semi-finaal

Die talentvolle du Plooy-sibbe, Elné en Jacobus, het onlangs groot indruk gemaak tydens die ATKV-redenaarskompetisie en deurgedring na die semi-finaal. Hierdie prestasie getuig van hul toewyding, selfvertroue en die vermoë om hul standpunte met oortuiging en styl oor te dra.

Die semi-finaal vind vandag (Vrydag, 23 Mei,) by Hoërskool Witteberg in Bethlehem plaas, waar die twee jong redenaars hul dorp en skool met trots sal verteenwoordig. Die gemeenskap wens hulle sterkte toe en is trots op hul prestasie tot dusver.

# Troukoors



*Op 26 April het André van Tonder en Elzet van Tonder (voorheen Bergh) hul liefde met 'n pragtige troue op plaas Eenzaam bevestig. Die geleentheid is met groot gasvryheid aangebied deur Piet en Sina Lombard. Dit was 'n dag gevul met opregte emosie, vreugdevolle lag en kosbare oomblikke saam met geliefde familie en vriende. Elzet, dogter van Quarta Pretorius van Heilbron. André wat by Raubex werksaam is, is ook reeds geruime tyd in die omgewing. Die twee se liefdesverhaal het begin op die plaas Weltevrede, waar hulle vir die eerste keer ontmoet het. 'n Ontmoeting wat gou in ware liefde ontwikkel het. Die huweliksfees was nie net 'n viering van hul verbintenis nie, maar ook 'n kosbare samesmelting van twee families en 'n kring vriende wat in hul geluk gedeel het.*



*Flippie en Elizbé Kotze is getroud op 17 Mei 2025 te AGS-Kerk Heilbron. Flippie is die seun van Flip Kotze woonagtig in Welkom en Annetjie Jooste woonagtig in Johannesburg. Elizbé is die dogter van Dolf en Susan vd Westhuizen van Heilbron. Die egpaar vestig hulself in Heilbron.*



*Op die foto agter: Fransie Botha, Mercia Viljoen, Ann van Zyl, Sylvia Meades, en Marietjie du Randt. Voor: Lien Wilken, Regina Jordaan en Hannatjie Bobbert.*

# Diere-Vasvra by Huppel Trippel-groep

Ná die vorige program waartydens die gasspreker vertel het van haar besoek aan die gorillas van Rwanda, is voortgebou op die diere-tema. Vergelykings is getref tussen gorillas, sjimpansees en oerang-oetangs. Ook tussen akkedisse en geitjies. En heelwat insekte is van nader bekyk. Hierná het die lede agtergekom hoe baie idiome daar is wat handel oor diere en hulle maniere. En sommer vir die lekker is 'n paar diere-raaisels ook in die mengsel gegooi. Hierná het die Vasvra eers begin. 'n Genoeglike, leersame oggend is afgesluit met 'n *tjoklit* in die teekoppie se piering. Op 3 Junie neem die Huppel Trippel-groep deel aan die Pinksterdiens wat in die eetsaal gehou sal word.

# Mothers Honoured at Evergreen Christian Academy

Evergreen Christian Academy recently hosted a heartwarming Mother Appreciation Day to celebrate and honour the incredible role that mothers play in the lives of their children and the school community.

Mothers were surprised with a special invitation to visit the school, where they participated in a fun and creative activity: each family was asked to draw a beautiful family portrait. These portraits were judged, and the top three artworks won lovely prizes for their creativity and heartfelt expression.

The spoils didn't end there – the children treated their moms to delicious cupcakes and traditional South African milk tart. The atmosphere was filled with love, appreciation, and gratitude.

"This day was all about the mothers," said school principal Uaiden Schoeman. "Without them, we wouldn't be where we are today."

Evergreen Christian Academy once again showed their commitment to building strong family bonds and nurturing a sense of gratitude in their learners. It was a day filled with smiles, sweet moments, and heartfelt memories – a beautiful reminder of just how much mothers mean to us all.









# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## Kinderregte

Die regte van kinders word in die meeste lande as baie belangrik beskou.

**Die doelstellings van die Kinderwet is, onder meer, om:**

• die regte van kinders soos dit in die Grondwet beskryf word, te verseker;

• te verduidelik hoe kinders versorg en beskerm moet word;

• ouers se regte en verantwoordelikhede te beskryf;

• te bepaal hoe ouers moet bydra vir die versorging van hulle kinders;

• die aanneming van kinders te beskryf;

• aanneming van kinders tussen verskillende lande te beskryf;

• die ontvoering van kinders te verbied;

• reëlings oor surrogaat moederskap te tref; en

• te kyk na nuwe soort oortredings wat teenoor kinders gepleeg word en te sorg dat dit nie gebeur nie.

**Kinders se regte word soos volg in die Kinderwet beskryf:**

• Kinders het die reg om deur (‘n) ouer(s) of binne ‘n gesin versorg te word.

• Hulle het die reg om ‘n persoonlike verhouding en gereelde kontak met albei ouers te hê (indien van toepassing).

• Kinders het die reg op voeding, blyplek en gesondheidsorg.

• Kinders moet teen mishandeling, verwaarlosing en vernedering beskerm word. Hierdie reg sluit onder meer in dat geen kind lyfstraf by die skool mag kry nie of emosioneel mishandel mag word nie. In artikel 110 van die Kinderwet word bepaal dat dit die plig van mense soos dokters, onderwysers, predikante, maatskaplike werkers en regsmense is om dit aan te meld indien hulle vermoed dat ‘n kind mishandel of verwaarloos word. Enige persoon moet die polisie of ‘n maatskaplike werker in kennis stel as hy/sy vermoed dat ‘n kind sorg of beskerming nodig het.

• Kinders het die reg om gehoor te word; met ander woorde, daar moet na kinders geluister word wanneer hulle probleme het.

• In elke saak wat ‘n kind raak, moet sy/haar belange eerste gestel word.

Die belangrikste ding wat hierdie wet wil bereik, is om te verseker dat kinders so veilig en goed as moontlik leef. Dit is die plig van die staat om te sorg dat hierdie regte van kinders beskerm word.

**Verantwoordelikhede wat aan regte gekoppel is**

Wanneer kinders sekere regte kry, beteken dit ook dat kinders verantwoordelikhede saam met daardie regte het.

**Hier is enkele voorbeelde van sulke verantwoordelikhede:**

• Die reg om ernstig opgeneem te word – die verantwoordelikheid om na ander te luister.

• Die reg op onderwys – die verantwoordelikheid om te studeer en onderwysers te respekteer.

• Die reg om trots te wees op hul erfenis en geloof – die verantwoordelikheid om vir ander se geloofsoortuigings respek te hê.

Suid-Afrika het hierdie verklaring in 1993 onderteken. Lande wat hierdie verklaring onderteken, verklaar dat hulle die regte van kinders sal beskerm.

Alle kinders het hierdie regte. Dit maak nie saak wie jy is, waar jy bly, watter taal jy praat, hoe jy lyk, wat jou godsdiens is, of jy ‘n seun of dogter is, of jy gestremd is, of jy arm of ryk is en wie jou ouers is nie. Alle kinders moet eenders behandel word.

**Hier onder volg van die belangrikste sake in die dokument:**

Beste belang van die kind

Wanneer volwassenes besluite neem, moet hulle in ag neem hoe hulle besluite kinders kan raak. Alle volwassenes moet so optree dat dit goed is vir kinders. Regerings moet seker maak dat kinders deur hulle ouers of deur ander volwassenes beskerm en versorg word.

**Identiteit**

Kinders moet geregistreer word wanneer hulle gebore word en ‘n amptelike naam kry. Kinders moet ‘n nasionaliteit hê; dit wil sê, hulle moet aan ‘n sekere land behoort.

**Om gesinne bymekaar te hou**

Kinders mag nie weggeneem word van hulle ouers, tensy die ouers nie goed vir hulle sorg nie. Indien kinders se ouers nie bymekaar woon nie, moet die kind kontak hou met albei ouers, behalwe wanneer dit die kind skade kan aandoen.

**Om gedagtes vrylik te deel**

Kinders het die reg om dit wat hulle leer, dink en voel vrylik te deel deur daaroor te praat, te skryf of tekeninge te maak.

**Toegang tot inligting**

Kinders het die reg om inligting vanaf die Internet, radio, TV, koerante, boeke en ander bronne te kry. Volwassenes moet seker maak dat hierdie inligting nie skadelik vir kinders is nie. Regerings moet die media aanmoedig om inligting vanuit verskillende bronne bekend te stel en te versprei. Dit moet gebeur in tale wat alle kinders verstaan

**Beskerming teen geweld**

Regerings moet kinders teen geweld en mishandeling deur enigeen wat die kind versorg, beskerm.

**Kinders wat aangeneem word**

Wanneer kinders aangeneem word, is die belangrikste oorweging dit wat die beste vir die kind is. Indien ‘n kind nie in sy of haar eie land goed versorg kan word nie, kan so ‘n kind deur mense in ‘n ander land aangeneem word.

**Vlugtelingkinders**

Wanneer kinders uit hulle eie land vlug omdat dit nie vir hulle veilig is om daar te bly nie, dan moet hulle hulp en beskerming in die land waarheen hulle vlug, kry – net soos kinders wat in daardie land gebore is.

**Kinders wat gestremdhede het**

Elke kind wat ‘n gestremdheid het, moet so goed moontlik versorg word. Regerings moet probeer om alles wat dit vir sulke kinders moeilik maak, te verwyder sodat hulle uiteindelik onafhanklik kan leef.

**Beskerming teen gevaarlike werk**

Kinders moet beskerm word teen werk wat gevaarlik vir hulle gesondheid of ontwikkeling is. Wanneer kinders werk doen, moet hulle veilig wees en regverdig betaal word.

**Beskerming teen skadelike dwelms**

Regerings moet kinders daarteen beskerm om dwelms te gebruik, te vervaardig, by hulle te hê of dit te verkoop.

**Beskerming teen seksuele uitbuiting**

Regerings moet kinders beskerm teen seksuele uitbuiting, teen seks teen betaling of om seksuele foto’s te neem of seksuele films te maak.

**Kinders wat in aanhouding (gevangenisse) is**

Kinders wat beskuldig word dat hulle die wet oortree het, mag nie gemartel word, wreed behandel word of saam met volwassenes aangehou word nie. Gevangenisstraf behoort die laaste moontlikheid te wees en ook vir so kort as moontlik. Kinders in die gevangenis moet regshulp kry, en hulle moet in kontak met hulle ouers bly.

**Beskerming tydens oorlog**

Kinders moet beskerm word teen oorlog. Geen kind onder 15 jaar mag aan oorlog deelneem of by die weermag aansluit nie.

*(Verwerk uit: Weet. Want mens moet weet. https://weet.co.za/skoolwerk/kinderregte/)*






# KENNISGEWINGS

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **HATTINGH**
First names: **PETRONELLA KAYZER**
Estate number: **9164/2024**
Identity/passport number: **530923 0062 085**
Date of death: **6/11/2024**
Last address: **257 KOPPIES**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**CORNELIUS & PARTNERS INC**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/05/13**

---

Vorm JJJ

## VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van 'n gesertifiseerde afskrif van **Transportakte T15824/2012** gepasseer deur
wyle **HENDRINA CECILIA HENNOP, Boedelnommer: 5342/2012**
ten gunste van
**1. ANNA CATHARINA HENNOP,** Identiteitsnommer: 620905 0075 085,
**2. STEPHANUS HENNOP,** Identiteitsnommer: 650614 5141 081,
**3. DANIEL JOHANNES HENDRIK HENNOP,** Identiteitsnommer: 660908 5220 087,
ten aansien van sekere
1. ERF 682 HEILBRON UITBREIDING 6, VRYSTAAT PROVINSIE
GROOT: 991 (NEGE HONDERD EEN EN NEGENTIG) VIERKANTE METER
2. ERF 715 HEILBRON UITBREIDING 6, VRYSTAAT PROVINSIE
GROOT: 1011 (EEN DUISEND EN ELF) VIERKANTE METER
Wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Heilbron op hede die 2de dag van Mei 2025.
**AANSOEKER:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**ADRES: 40 KERKSTRAAT, HEILBRON 9650**
**E-POS: aktesa@corven.co.za**
**KONTAKNOMMER: 058 852 2035**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

In the Estate of the Late:
Surname: **VAN LINGEN**
First names: **ALBERT**
Estate number: **2439/2025**
Identity/passport number: **490330 5014 087**
Date of death: **2/12/2024**
Last address: **46 RINGER STREET, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**NAME AND ADDRESS OF EXECUTOR OR AUTHORISED AGENT:**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET,**
**HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE:**
**DATE SUBMITTED: 2025/05/13**

### Jaarbeplanner 2025

**AUGUSTUS**
- 1 Aug. - BoereTreat Gholf
- 2 Aug. - BoereTreat Gholf & Fees
- 20 Aug. - Huis- & Tuinbouklub

**SEPTEMBER**
- 17 Sept. - Huis- & Tuinbouklub

**OKTOBER**
- 15 Okt. - Huis- & Tuinbouklub

**NOVEMBER**
- 19 Nov. - Huis- & Tuinbouklub




Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033





# SMALLS

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# GEKLASSIFISEERD


**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder) WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za herald@heilbron.co.za (Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.) WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.) WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***


# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

**Kontak Evert Kleynhans**
**072 018 3685 Heilbron**

*Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald*
Kontak gerus vir Hendie Lötter by 071 175 9807 of heraldnuus@heilbron.co.za


**DUPNO Trading**
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

### HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

## BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae: 08:00 - 16:30**
**Saterdae: 09:00 - 12:00**
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON



HERALD Sport

# 3de Inter met Petrus Steyn



*Op die foto regs: Edward, Pearl, Ellie en Adri.*

Die weer het fantasties saamgespeel met die 3de jaarlikse sosiale interdorp met Petrus Steyn se rolbal entoesiaste wat die 40 km afgelê het om by Heilbron Rolbalklub te kom kuier.

Wat vanjaar so besonders maak is dat Koppies Rolbalklub se spelers ook kom deelneem het. Koppies Rolbalklub het na 'n rolbal droogte weer hulle klub volstoom aan die gang. 'n Heerlike dag met sosiale spel waarby spelers van elke klub saam met die Heilbronners ingedeel was het hope pret veroorsaak. Alhoewel dit nie formele kompetisie was nie het spelers almal gewedywer om as wenspan bo uit te kom.

Na afloop van die wedstryde en na 'n heerlike middagete is daar saam gekuier.

Span van die dag wat bo-uit gekom het was die span van Ellie van Coller wat saam met Pearl van Petrus Steyn en Adri van Koppies.

Die President van Heilbron Rolbalklub het spesiale erkenning gegee aan die "jong" rolbalspelers wat baie bygedra het tot rolbal. Hulle is 'n voorbeeld vir veel jonger spelers en het nog steeds 'n groot invloed en bydrae tot die sport.



*Op die foto bo Die meesters van die rolbalbaan vl: Amelia Galatis, Ellie van Coller, Babs Knoesen, John Mentz en Koos Bierman.*

## Perez gekies vir die O/12 Valke span



Perez Schoeman, 'n leerder van Hoërskool Heilbron en die seun van Uaiden en Jolene Schoeman, het onlangs besondere sportprestasies behaal deur gekies te word vir die gesogte O/12 Valke rugbyspan. Hierdie prestasie volg ná 'n intense reeks proewe waar honderde spelers hul staal moes wys.

Die pad na hierdie hoogtepunt het begin met verskeie proewe wat gespeel is tussen skole van Sasolburg. Uit hierdie wedstryde is 'n voorlopige span saamgestel waaraan Perez met trots deel gehad het. Hierdie span het toe deelgeneem aan verdere proewe teen skole uit die Sedibeng-streek. Die beste spelers van dié wedstryde is gekies om die Sedibeng-span te vorm — 'n span wat bestaan uit talentvolle spelers van Sasolburg, Vanderbijlpark en Vereeniging.

Die groep seuns het daarna as die Suid-Valke opgetree en proewe gespeel teen die Oos-Valke. Vanuit hierdie wedstryde is die top 46 spelers gekies om die amptelike Onder-12 Valke span te vorm. Hierdie uitsonderlike span is saamgestel uit sowat 6 000 seuns van 72 verskillende skole — 'n bewys van die mededingende aard van die proses en die uitstaande talent wat Perez aan die dag gelê het.

Die Valke-span bestaan uit 'n A- en B-span wat hierdie naweek tydens 'n kamp in Kroonstad gekies sal word. Die gekose spanne sal dan volgende naweek teen die Griffons in Welkom speel en die week daarna teen die Pumas, voordat hulle op nasionale vlak sal deelneem.

Die gemeenskap van Heilbron, sowel as sy trotse ouers, Uaiden en Jolene, is oorstelp van trots oor Perez se prestasie. Sy harde werk, deursettingsvermoë en passie vir rugby het hom nie net erkenning op streeksvlak besorg nie, maar ook die geleentheid gegee om sy talent op nasionale vlak te wys.



Raak deel van ons lekker-lees gemeenskapskoerant en stuur vir ons jou foto's van mylpale wat bereik is, asook ander aktiwiteite. Ons plaas dit gratis. Vir enige nuus wat jy graag met




BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 26 MEI 2025
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

DINSDAG - 27 MEI 2025
VERKYKERSKOP Maandelikse veiling
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115
KLERKSDORP 2-Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036
VENTERSBURG: TOWCON BESIGHEIDS-TRUST 2-DAG VEILING
Plase, Beeste & Skape, Implemente & Meubels
11:00, plaas Braklaagte
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
ERMELO Jong Rooi bees aanteelveiling
Kontak David Harris 082 573 7979

WOENSDAG - 28 MEI 2025
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776
VENTERSBURG: TOWCON BESIGHEIDS-TRUST 2-DAG VEILING
Plase, Beeste & Skape, Implemente & Meubels
11:00, plaas Braklaagte
Kontak Piet Wessels 082 857 7827
REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899
GROENVLEI: RIETVALLEI BOERDERY
695 Top Bowelders
11:00, veilingskrale
Kontak Boetjan vd Walt 072 626 9242

DONDERDAG - 29 MEI 2025
KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022
PARYS: SENTRAAL STREEK BRANGUS OPMARS NA DIE NOORDE XII
11:00, Afri-Dome
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

VRYDAG - 30 MEI 2025
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411
STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811
POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 226, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za